SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 7 JULIE 2019

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste. 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin die bulletin met nuus van stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutels van vier radio amateurs stil geword het.

Die sleutel van John Sutherland, ZSL-1190 van Ventersburg, het stil geword van 23 Maart 2019. Ons meegevoel aan sy vrou, Helena, familie en vriende.

Die sleutel van Doug Wetton, ZS6BXU, het op Sondag 30 Junie 2019 stil geword. Ons diepste simpatie gaan uit na sy vrou Merle en kinders Beverly, Vaughn, Wayne, familie en vriende.

Die sleutel van Norman Arcus, ZS6SOA, het stil geword. Ons betuig ons medelye aan sy familie en vriende.

Die sleutel van Koos Dames, ZSL-6774 wat tans die RAE gedoen het, het op Vrydag 5 Julie 2019 stil geword. Ons betuig ons medelye met sy familie en vriende.

POUSE

In die nuus, vandag:

DIE ZS5 NAELLOOP VANMIDDAG

DIE SARL POSISIE OP DIE FRANS WRC-2023 VOORSTEL

en

DIE RADAR UITDAGING EN DIE IARU HF KAMPIOENSKAPPE VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE ZS5 NAELLOOP VANMIDDAG

Die ZS5 Naelloop is 'n prettige aktiwiteit om kontakte tussen radio amateurs in KwaZulu-Natal en radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder. Dit is 'n gelykgolf en foon kompetisie op 40 meter en vind plaas vanaf 14:00 tot 15:00 UTC op Sondag 7 Julie 2019. ZS5-stasies sal 'n RS- of RST-verslag en

hul dorp se naam of afkorting gee, ander stasies sal 'n RS of RST-verslag en hul provinsiale of lands afkorting gee. Logstate in die ADIF, Cabrillo of MS Excel met die naam "My roepsein ZS5 Naelloop" moet ingedien word teen 15 Julie 2019 per e-pos aan zs5contest@harc.org.za. Die Excel-logstaat kan gevind word op die Kompetisie bladsy op die Liga-webblad. Die reëls verskyn op bladsy 60 van die 2019 SARL Blouboek.

DIE SARL POSISIE OP DIE FRANS WRC-2023 VOORSTEL

Die SARL het verskeie versoeke om verduideliking en meer inligting ontvang oor die onlangse Franse voorstel vir die uitbreiding van frekwensies vir lugvaartdienste, insluitend die 2 m-amateur band. Die SARL reageer soos volg:

Die deel van die 1 240 - 1 300 MHz-band met die Galileo-satelliet navigasie-stelsel en die voorstel van Frankryk om 'n verskeidenheid frekwensies, insluitende die 144 MHz-amateur band, vir toekomstige primêre lugvaartkundige toepassings was bespreek tydens die vergadering van die Europese Konferensie van Pos en Telekommunikasie Administrasies (CEPT) Projekspan A, een van die groepe wat vir WRC-19 voorberei. Die CEPT-vergadering het beskouings oorweeg dat die Galileo-kwessie nie tans 'n WRC-23 agendapunt regverdig nie en moet dit eers in die CEPT ondersoek word. Die voorstel vir nuwe lugvaart frekwensies, insluitende 144 MHz, is ongelukkig nie sterk teenkanting van ander administrasies gekry nie en sal in Augustus vanjaar aan die hoër vlak CEPT-CPG oorgedra word.

CEPT sal sy finale besluite neem tydens die 26 tot 30 Augustus 2019 WRC-19 Konferensie Beplanningsgroep vergadering vir voorstelle wat in Oktober aan ITU WRC-19 voorgelê sal word. As daar tydens WRC ooreengekom word, sal die Internasionale Telekommunikasie-unie (ITU) in November 2019 met hulle begin werk en dit sal gedurende 2020 tot 2023 vir WRC-23 voortduur. Die verskillende amateur radio-organisasies in CEPT-lande werk saam met hul owerhede om die voorstel te blok om as 'n agendapunt vir WRC-23 voorgestel te word. Die IARU Streek 1 het sy sterk opposisie by die CEPT Projekspan A-vergadering geopper en sal dit voortgaan.

In Suid-Afrika word agenda-items vir WRC-19 en voorstelle vir WRC-23 agendapunte bespreek by die Departement van Kommunikasie geleide Nasionale Voorbereidende Werkgroep vir WRC-19 en Suid-Afrika se posisie word ooreengekom. Suid-Afrika se posisies word geloods vir ondersteuning op die SAOG-vlak en daarna by die Afrika Telekommunikasie-unie vir Suid-Afrika se benadering om as die Afrika-posisie aangeneem te word. Die SARL is 'n permanente lid van die NVWG en neem deel aan al die vergaderings en besprekingsgroepe. Die NVWG sal in September vergader om die finale agendapunte te hersien en sy posisie aan die Kabinet vir goedkeuring voor te lê om die finale posisie te word en as 'n inligtingsdokument vir afgevaardigdes wat WRC-19 in Egipte bywoon. Suid-Afrika bied aan die einde van Augustus die ATU APM4 aan waar die Afrika-posisie vir Agenda-items gefinaliseer word. Die SARL verteenwoordig die IARU by hierdie vergadering.

“Dit is verstaanbaar dat mense bekommerd is oor hierdie ontwikkelinge,” het SARL president Nico van Rensburg, ZS6QL, gesê. “Die SARL is ten volle in aanraking met die besprekings en sal by die NVWG-vergadering vir Suid-Afrika steun om teen die Franse voorstel te stem indien dit deur CEPT ondersteun word en ter tafel gelê word om ’n agenda-item vir WRC-23 te word.” Dit moet verstaan word dat indien die Franse voorstel die WRC-23-agenda maak, verskeie studiegroepe gevorm sal word om na die uitvoerbaarheid van die voorstel te kyk. Die SARL sal aan die owerhede van Suid-Afrika ’n beroep doen om ’n lid op die betrokke studiegroep te hê en hom of haar dienooreenkomstig opdrag gee.

Nico van Rensburg het gesê hy verstaan die bekommernisse wat in die verskillende media uitgespreek word, maar waarsku teen die feit dat dit onnodig geskep word. “Die SARL is aan die bestuur van sake op die gebied. Ek doen ’n beroep op radio amateurs om te wys hoe hulle die frekwensiespektrum wat hulle tot hul beskikking het, waardeer deur aktief op die bande te wees. Die band wat deur ander bespreek word, die 2-meter-band, bied so baie interessante uitdagings en aktiwiteite. Ek moedig jou aan om deel te neem aan die verskillende aktiwiteite, praat oor die dorp, neem deel aan langafstand kommunikasie, werk satelliete met die nuut geloodsde AMSAT SA 2 m/70 cm Yagi, woon die BHF werkswinkel by op 20 Julie 2019 by die NARS.

“Radiofrekwensies is in aanvraag deur baie organisasies en kommersiële belange. Daar is groepe wat op ’n gereelde basis band besetting monitor en kyk vir bande waar daar lae aktiwiteit is. My advies is nie net luister nie, maar wees aktief. Geen aktiwiteit skep geleenthede vir ander om te begin om eise te stel om hul behoeftes vir spektrum te bevredig. Wees radioaktief, laat jou stem op die bande gehoor word.”

Die Franse voorstel is ’n duidelike illustrasie, as daar ooit een nodig was, vir amateur radio op nasionale en internasionale vlak om met ’n verenigde stem te praat, dan is dit nou. ’n Sterk verteenwoordigende nasionale vereniging is die belangrikste om die stem te laat hoor. As jy nie reeds ’n lid van die SARL is nie, sluit nou aan en wees deel van ’n sterk nasionale stem om ’n toekoms vir die amateur radio te verseker. ”

Die SARL werk op nasionale en internasionale vlak om by te dra tot ’n positiewe uitkoms vir die komende Wêreld Radio Konferensie-19 items en WRC-23 Agenda voorstelle.

Jy luister na ’n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat op die 145,750 MHz-herhaler deur die Kaapstad Amateurradiosentrum herlei word.

DIE SARL/AMSAT SA BHF WERKSWINKEL

Die sluitingsdatum vir besprekings vir die SARL/AMSATSA BHF werkswinkel op Saterdag 20 Julie nader. Bespreek nou vir hierdie bemagtigings geleentheid, vind al die besonderhede op www.sarl.org.za. Bespreek nou jou plek!

KONTROLEER JOU E-POS EN POSADRES OP DIE SARL WEB

Kelley by die NARS en Willem, ZS6X by die QSL-Buro, vra dat jy jou e-pos en posadresse op die SARL-databasis sal kontroleer. E-posse aan die volgende lede het onafgelewer terug gekom - ZS5GMW; ZS6RAD; ZR6SA en ZR6SW. Willem sê hy ontvang koeverte met QSL kaarte terug gemerk “Posbus Gesluit.”

DIE RADAR UITDAGING EN DIE IARU HF KAMPIOENSKAPPE VOLGENDE NAWEEK

Die Winter RaDAR Uitdaging vind plaas vanaf 00:00 UTC tot 23:59 UTC op Saterdag 13 Julie, maar jy hoof net vir vier uur te werk. Aktiwiteit vind plaas op HF, BHF, UHF en hoër en alle modusse word toegelaat. Lees al die reëls op bladsy 30 van die 2019 SARL Blouboek.

Die IARU HF Kampioenskappe vind plaas vanaf 12:00 UTC op Saterdag 13 Julie en eindig om 11:59 UTC op Sondag 14 Julie 2019 met gelykgolf en foon aktiwiteit op 160 tot 10 meter. Die doel is om soveel ander amateurs, veral die IARU-lidlande se hoofkwartier stasies, regoor die wêreld, te kontak. IARU-Ledeverenigings sal ’n RS- of RST-verslag en Verenigings afkorting gee - 599 SARL; IARU Beamptes sal ’n RS- of RST-verslag en AC, R1, R2 of R3 gee en die res sal ’n RS- of RST-verslag en ITU-sone gee. Vir Suid-Afrika is dit Sone 57. Die reëls kan op bladsy 46 van die Julie 2019 Radio ZS gelees word.

DIE SUID-AFRIKAANSE MORSE KODE HERLEWING IS VOLLE SWANG!

Die Gelykgolf-herlewing het begin, besoek die ZS-CW Facebook-bladsy om meer uit te vind. Kontak Mike, ZS6MSW by e-pos zs6msw@gmail.com om by die vinnig groeiende WhatsApp groep CW POTA/SOTA aan te sluit. Ontmoet die operateurs op 7 035 kHz en 3 545 kHz na ure en oor naweke.

KOMPETISIE UITSLAE

Veertien logstate is ontvang vir die SARL Top Band QSO Geselligheid wat van 20 tot 24 Junie op die lug was. Die volledige stel uitslae kan gevind word op die Kompetisie bladsy op die Liga-webblad.

1ste Lukas Holtzhausen, ZS6LH - 225 punte 2de Johan van Zijl, ZS4DZ - 180 punte 3de Kobus Boshoff, ZS6BOS - 148 punte

Baie geluk aan Lukas!

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan ’n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan bruikbare DX openinge op die 18 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die ZS5 Naelloop 13 Julie - die Radar Uitdaging en die registrasie vir die Oktober RAE open. 13 en 14 Julie - die IARU HF Kampioenskappe met ZS9HQ 14 Julie - die RSGB Krieket Wêreldbeker-marathon eindig, jou laaste kans om ZS19CWC te werk 17 Julie - die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop 20 Julie - die SARL/AMSAT SA BHF Werkswinkel by die NARC en die Winter QRP Kompetisie 21 Julie - die ZS2 Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die ZS5 Naelloop is 'n prettige aktiwiteit om kontakte tussen radio amateurs in KwaZulu-Natal en radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder. Dit is 'n gelykgolf en foon kompetisie op 40 meter en vind plaas vanaf 14:00 tot 15:00 UTC op Sondag 7 Julie 2019.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7,082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3,620 kHz plaas met vergunning van Andy, ZS6ADY. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS en gelees deur …….

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX